Genade én geregtigheid.

Luk 4:16-22.

16 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy
grootgeword het, en soos sy gewoonte was,
het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe
gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor
te lees, 17 is die boek van die profeet Jesaja
vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak
en die plek gekry waar geskrywe staan:
18“Die Gees van die Here is op My omdat Hy
My gesalf het om die evangelie aan armes te
verkondig.

Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, 19om die genadejaar van die Here aan te kondig.” i 20Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig.

21Toe begin Hy hulle toespreek: “Vandag is
hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor
het, vervul.” 22Almal het hulle instemming
met Hom betuig en was verwonderd oor die
aangename woorde uit sy mond. En hulle sê:
“Is hy dan nie die seun van Josef nie?”

i Vgl. Jes. 61:1–61:2; 58:6

1. `n Sinagoge bediening.

16 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan.

Markus 6:2–3.

2En toe die sabbatdag aanbreek, het Hy die mense in die sinagoge begin leer. Baie het na Hom geluister en is deur sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar gesê: “Waar kom hy aan al hierdie dinge, en watter besondere gawe van wysheid het hy dat daar sulke kragtige dade deur sy hande plaasvind?

Mat 4:23.

23Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.

2. Wat lees Jesus?

18“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, 19om die genadejaar van die Here aan te kondig.” i

18“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, 19om die genadejaar van die Here aan te kondig.” i

18“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, 19om die genadejaar van die Here aan te kondig.”

Jes 61:1-2 Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om ’n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is, om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos,

Jes 58:6-7 Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses ’n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?

2 Dele aan die evangelie

Rom 2:4.

4God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?

Joh 1:17.

17 God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

3. Vervulling van die Ou Testament

“Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”

Kol 2:16–17.

16Daarom moet julle nie dat iemand vir julle
voorskrywe wat julle moet eet en drink nie aof
dat julle die jaarlikse feeste of die
nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier
nie. 17Dit is alles maar net die skaduwee van
wat sou kom; die werklikheid is Christus.

Mat 5:17.

17“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.

2 Kor 1:19–20.

Hy is die “ja” van God, 20die “ja” op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop “Amen” sê.

4. Wie is Jesus vir jou?

En hulle sê: “Is hy dan nie die seun van Josef nie?”

Lukas 1:31–32.

31 Jy sal swanger word en ’n seun in die wêreld
bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee.
32 Hy sal groot wees en die Seun van die
Allerhoogste genoem word.

Lukas 2:49.

49Maar hy antwoord hulle: “Waarom het u na
My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis
van my Vader moet wees nie?”

Lukas 3:22.

Daar was ook ’n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.”

Lukas 3:23.

23Toe Jesus met sy werk begin het, was Hy omtrent dertig jaar oud. Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef.

En hulle sê: “Is hy dan nie die seun van Josef nie?”

8Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer
deur teorieë en argumente wat misleidend is
nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering
van mense, op wettiese godsdienstige reëls en
nie op Christus nie. 9In Hom is die volle wese
van God beliggaam, 10en in verbondenheid
met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof
oor elke mag en gesag. Kol 2:8–10.